


FIGUUR 1: Voerbenutting van kuikens in Groep C.



FIGUUR 2: Voerbenutting van kuikens in Groep D.

# BESTUUR EN BESTUURSPROBLEME VAN WILDBOERDERY

*E. R. REED*

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, LANDBOUKOLLEGE NEUDAMM  
Privaatsak 13188, Windhoek 9000



*E. R. Reed,*  
*Landbouopleidingsbeampte.*

Vandag word die wild beperk tot sekere gebiede en het ons 'n kunsmatige toestand omdat hul bewegings aan bande gelê word. Saam met hierdie kunsmatige toestand het sekere weidingsprobleme, veral oorbeweidiging, vertrapping en onderbenutting te voorskyn gekom.

Natuurlike weivelde is die vernaamste en dikwels ook die enigste bron van diervoedsel en gevolglik moet dit die kosbaarste bate van enige plaas wees. Veldbestuur is uiters belangrik omdat die plant nog sonder die diere teenwoordigheid kan voortbestaan, maar nie omgekeerd nie.

## 1.1 WISSELWEIDING

Anders as met veeboerdery het ons in wild hoofsaaklik te make met 'n onhanteerbare element. Wisselweiding kan dus nie op die konvensionele manier toegepas word nie.

## 1. VELDBESTUUR

Tot lank na die koms van die blanke het wild vrylik migreer en 'n natuurlike weidingstelsel is toegepas.

Kragtens die Grondbewaringswet van 1969 behoort alle natuurlike weiding minstens een keer elke vier jaar vir 'n volle groeiseisoen te rus. Wisselweiding is dus onteenseglik die basis van veldbeheer en daarom ook van wildboerdery.

Enige veldbestuurstelsel moet gevolglik voorsiening maak vir die onttrekking van vee sodat die plante 'n geleentheid kry om sekere lewensnoodsaaklike fisiologiese prosesse te voltooi. Ondervinding het ook geleer dat, al word die voortrefflikste weidingstelsels gevolg, veldagteruitgang nie vermy kan word as die veelading te hoog is nie. 'n Wildboer boer per slot van sake met gras, struik en bome. As hierdie voedingsbron vernietig word, stort die hele boerdery-onderneming in duie.


Met die toepassing van 'n wisselweidingstelsel is daar 'n paar riglyne wat nagekom moet word:

- Wissel nie gedurende paartyd nie.
- Wissel nie gedurende lamtyd nie.
- Kampe word nie vir agtereenvolgende jare gedurende dieselfde seisoen beweie nie.
- Die toestand van die veld word in ag geneem by wisseling aangesien verskillende kampe nie dieselfde weidingskapasiteit het nie.

## 1.2 VERSKUIWING TUSSEN KAMPE

Die toepassing van 'n wisselweidingstelsel by wild is al herhaaldelik deur sommige deskundiges afgeskryf, omdat dit na bewering onmoontlik sou wees om wild van een kamp na 'n ander te verskuif. Hoewel dit in party gevalle moeilik en selfs onmoontlik kan wees om al die diere, of die meeste van hulle, van kamp tot kamp te verskuif, kan dit tog redelik gedoen word.


Young (1982) beskryf twee stelsels wat baie sal help om die probleem te oorbrug. Volgens stelsel 1 in figuur 1 word die diere 'n tyd lank toegelaat om by 'n sentrale plek water te drink sodat hulle dié waterpunt gewoond kan raak. Soutlekke kan help om wild na sulke drinkplekke te lok.



FIGUUR 1: Stelsel 1 waardeur wild met behulp van 'n sentrale opvangkampie van een weiding na 'n ander verskuif kan word.

Na 'n ruk word die waterpunt in kamp 1 toegemaak en moet die wild by die sentrale waterpunt in kamp 3 gaan drink. Die hek tussen kamp 1 en 3 word toegemaak sodra 'n aantal diere hulle in kamp 3 bevind. Hierna word die hek na byvoorbeeld kamp 2 oopgemaak sodat die diere ongesteurd en sonder dat hulle in kamp 3 gepla word, self binne 'n dag of twee na kamp 2 deurbeweeg. Hierdie proses word nou stelselmatig herhaal totdat die meeste wild uit kamp 1 beweeg het. Dit is belangrik dat kamp 3 groot genoeg moet wees (sowat 20 hektaar en meer) en genoeg skuiling aan die diere moet bied.

Stelsel 2 in figuur 2 maak daarvoor voorsiening dat wild deur v-vormige of ander fuike, wat slegs beweging in een rigting toelaat, van 'n bepaalde kamp na 'n ander beweeg. Vir die toepassing van die stelsel kan waterpunte of soutlekke gebruik word om die diere te lok deur die fuike.



FIGUUR 2: Stelsel waarmee wild met verskillende fuike van een kamp na 'n ander gelok kan word.

Wild kan ook in 'n kamp geroteer word om oorbeweide dele 'n herstelperiode te gee. Dit kan gedoen word deur brandbehandelings of deur die voorsiening van voer (droog of groen). Deur aangeplante weidings kan die diere weggelok word vanaf oorbeweide dele.

## 2. KUDDEBESTUUR

Om wildboerdery te bestuur is baie moeilik omdat die boer nie maklik kan kontak maak met die diere nie en dit moeilik is om die diere van kamp tot kamp te beweeg. Volledige rekords van die wild is baie belangrik en noodsaaklik vir goeie bestuur. By die bestuur van wildboerdery speel die boer se "oog" 'n baie belangrike rol, veral by geslagsbepalings en getalle by waterpunte, die uitskiet van swak en siek diere en oor die besluit om diere uit 'n kamp te verskuif na 'n beweidingsperiode.

## 2.1 GESLAGSVERHOUDINGS

Die ouderdom en geslagsamestelling van 'n populasie beïnvloed sy produktiwiteit. By die meeste hoëdiere is die geslagsverhouding 1 : 1 met geboorte. In die natuur is die geslagsverhouding van springbokke 1 : 2, wat daarop dui dat die helfte van die ramme verlore gaan voordat hulle volwasenheid bereik (Bigalke, Liversidge en Schijf, 1975). Vir teel-doeleindes in plaastoestande skyn sewe tot vyftien teelooie per volwasse ram 'n optimale verhouding te wees.

Rowe-Rowe (1973) het vir blesbokke in die Queen Elizabeth Natuurreservaat tot die gevolgtrekking gekom dat vier volwasse ooie vir een ram steeds 'n 100% lampersentasie lewer. Een teelram vir elke tien geslagsryp ooie behoort voldoende te wees, en dat 'n ram wat sy sout werd is, selfs veel beter as dit behoort te doen.

By gedomestikeerde diere wat deur die jare geteel is vir reproduksie en omrede byvoeding aan die manlike diere verskaf kan word, is 'n geslagsverhouding van 1 : 30 realisties. By wildboerdery word daar gereken dat 'n geslagsverhouding van 1 : 7 tot 1 : 15 met groot vrymoedigheid aanbeveel kan word.

## 2.2 BIOMASSA

Biomassadigtheid is die massa lewende wild wat op een vierkante kilometer voorkom. Produksie hang grootliks van biomassa af. Aangesien dit verband hou met die potensieële opbrengs van die gebied is dit 'n belangrike oorweging. Young (1982) beklemtoon die feit dat die winsmotief nooit daartoe behoort te lei dat te veel diere op 'n plaas aangehou word nie, veral nie op 'n plaas waar 'n eenkamp-weistelsel gebruik word nie.

In tabel 1 volg 'n lys van die gemiddelde massa, asook die diere per grootvee-eenheid van verskillende wildspesies (Mentis en Duke, 1976).

TABEL 1 — Die gemiddelde massa asook die getal diere per GVE:

SPESIE	GEMIDDELDE MASSA (Kg)	GETAL DIERE PER GVE
Blesbok	55	4,9
Eland	385	1,1
Rooihartebees	182	2,0
Kameelperd	818	0,6
Koedoe	186	2,0
Volstruis	68	4,2
Springbok	28	8,1
Blouwildebees	182	2,0
Sebra	216	1,8

'n Hoë biomassa is egter slegs betekenisvol indien 'n geskikte persentasie wild jaarliks ge-oes kan word.

## 2.3 PARASIE TE

Die belangrikste parasiete wat op wildspesies aangetref word, is bosluise, larwes van neusvlieë en rondewurms.

- (a) Bosluise  
As bosluisgetalle baie hoog is as gevolg van 'n te hoë wildbevolking, is uitdunning van die wild die aangewese antwoord. Beheer mag ook deur beeste wat as gasheer dien, geskied. *Bos taurus* rasse wat baie vatbaar is vir bosluisbesmettings moet saam met die wild wei om soveel bosluise as moontlik in so 'n kort tyd as moontlik op te tel. Die beste tydperk om beeste bloot te stel is moontlik gedurende Januarie en Februarie wanneer volwasse bosluise van die meeste twee- en driegasheerbosluise volop is. Gedurende hierdie periode moet die beeste met vyfdag tussenposes met 'n bosluisdoder gedip of gespuit word. Die bosluisdoder wat gebruik word, moet min of geen nawerking hê nie, aangesien dit sou verhoed dat die beeste soveel as moontlik bosluise optel in die tydperk tussen dippings (Horak, 1982).
- (b) Larwes van neus- en perdepapievlieë  
Die neusgange en sinusholtes van die kopskuddende bokke (blesbokke en wildebeeste) is gewoonlik besmet met larwes van neusvlieë wat aan die genera *Gedoelestia*, *Kirkioestrus* of *Oestrus* behoort, terwyl sebras, springbokke en kameelperde met *Rhinioestrus* spp. besmet mag wees. Die larwes veroorsaak min sigbare letsels in hulle normale bokgashere. Oogprobleme veroorsaak deur dié larwes kan probleme veroorsaak by skape en beeste wat naby aan wildkampe wei. Behandeling behels die vang en doseer van elke bok.
- (c) Rondewurms  
Rondewurms kan beheer word deur die toevoeging van 'n wurmmiddel gedurende Julie by byvoedingsblokke. Julie is nie alleenlik 'n goeie maand om rondewurms te beheer nie, aangesien meeste van die wurms binne die bok oorwinter, maar die bokke is ook meer geneig om byvoeding te vreet weens die winter tekort aan weiding.

## 2.4 UITDUN VAN WILD

Op 'n wildplaas moet die wild op die een of ander tyd uitgedun word, veral as die plaas sy maksimum getalle dra, maar ook om ekonomiese redes. Die vermindering van die wildgetalle is noodsaaklik om 'n hoë produksie en 'n hoë wins te kry, maar ook om die veld in 'n gesonde produktiewe toestand te hou. Verskeie skrywers het ook daarop gewys dat 'n hoë, maar korrekte oesdruk die reproduksietempo en dus die produksie verhoog. Sedert die noodgedwonge inkamping van ons wildspesies jare gelede, moes gepaste oesmeto-

des gevind word om ten einde getalle in toom te hou, aanteling te reguleer en om droogtetye te oorkom.

## 2.5 HOEVEEL DIERE OM UIT TE DUN

Die beginsel hier is om so min as moontlik van die diere aan ouderdom te laat vrek. Nie te veel van die volwasse manlike diere kan verwyder word nie, anders word die paring aan onvolwasse manlike diere oorgelaat. Om 'n hoë produksie te handhaaf, is dit noodsaaklik om so min as moontlik van die vroulike diere te verwyder. Watter diere uitgedun word, hang ook af van die prys wat vir die verskillende groottes behaal word, die bemarkingstrategie en die uitdunningskoste.

Die oesbare surplus staan in verhouding met die getal lammers wat jaarliks gebore word en wat nog leef aan die einde van Maart. Wessel (1975) kom tot die gevolgtrekking dat daar jaarliks 25 -30% van steenbokke, duikers, springbokke en ribokke, 25% van koedoes en rooibokke, 15 - 20% van blesbokke, wildebeeste, gemsbokke, rooihar-tebeeste en elande en 12% van sebra's uitgedun kan word.

## 2.6 OESTEGNIEKE

Waar 'n groot aantal diere verwyder moet word, kan die wildprodusent sy diere vang of skiet. Die verskillende vang-metodes sal nie hier bespreek word nie.

Die belangrikste twee metodes van skiet is eerstens die helikoptermetode wat algemeen gebruik word in die RSA op blesbokke en tweedens die gebruik van professionele skietspanne wat bestaan uit goedgekeurde skuts met baie skietondervinding vir die oes van springbokke. Hierdie mense verskaf gewoonlik hul eie voertuie en ammunisie maar hulle word vergoed vir elke bok wat hulle skiet — hetsy per bok of per kilogram karkasgewig.

Daar kan gedurende die dag of nag geskiet word. Nagskiet wen tans meer veld aangesien bokke

bedags nie so maklik bekombaar is soos gedurende donkermaanperiodes nie.

Nagskiet hou die volgende voordele in:

1. Die bokke word nie baie rondgejaag nie, dus 'n laer konsentrasie melksuur tussen die spiere en 'n hoër kwaliteit vleis.
2. Die nagtemperatuur is meer geskik vir die afkoel van karkasse.
3. Jagters is by magte om met die skietlamp naby die diere te kom, dus kan kopskote feitlik gewaarborg word.
4. Die oorhoofse koste met betrekking tot nagskiet is betreklik laag.

## LITERATUURVERWYSINGS

- Bigalke, R. C., Liversidge, R. & Schijf, J., 1975. Springbokbestuur. Natuurvereniging van Suiderlike Afrika, Kimberley.
- Horak, J. G., 1982. Parasiete en parasietbeheer in diere in klein wildreservate. Eerste Nasionale Wildkongres, Golden Gate.
- Mentis, M. T. & Duke, R. R., 1976. Carrying capacities of natural veld in Natal for wild herbivores. *S. Afr. J. Wildl. Res.* 6(2): 65-74.
- Rowe-Rowe, D. T., 1973. Social behaviour in a small blesbok population. *J. Sth. Afr. Wildl. Mgmt. Ass.* 3(2): 49-52.
- Wessel, T., 1975. Die uitdun van wild: Hoe en Wanneer. Ongepubl. verslag. Wildplaaseienaarskongres, Kimberley.
- Young, E., 1982. Moderne wildboerdery. Deel 1 tot 28. *Landbouweekblad* 5/3/82 - 10/9/82.